# Hoofstuk van die dag: Openbaring 5

> *Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid,*

> *het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak." (vers 5)*

Vreemd om te dink dat Johannes huil terwyl hy in die troonsaal staan. Hy huil oor die reddelose gemors waarin die mensdom die wêreld gedompel het.

Maar – daar ís Een wat kan red. Die Leeu uit die stam van Juda. Maar – dis nie 'n leeu nie, dis 'n lam. Dis die Een wat geslag is! Dis Jesus, bebloed van die wonde van sy worsteling met Satan en sonde en dood. Hý is waardig om die boekrol oop te maak, want Hy het die duiwel, die een wat van die begin af probeer het om God se plan met hierdie wêreld te verongeluk, oorwin op Golgota!

Terloops, Hy oorwin deur te sterf, nie as Leeu nie, maar as Lam. Dit sê nogal iets vir die wyse waarop ons moet leef, en oorwin, in hierdie wêreld. Daar is soveel stryd en konflik op aarde omdat ons leeus wil wees, en nie lammers nie. "Nie deur mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees," sê die Here by monde van Sagaria (4:6).

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026